Goeie Nuus
Good News
25
NOU REEDS 25 JAAR OUD!
GRATIS
November 2023
AANLYN-UITGAWE
ONLINE EDITION
Posbus 1957
Potchefstroom 2520
Tel: (018) 293 1996
www.goodnewsmessage.co.za
Goeie Nuus Koerant - Good News Newspaper

# WAAR LIEFDE IS, IS GOD


In 'n kelderkamertjie onder straatvlak het Martin Avedéitsch skoene gemaak. Dag vir dag het hy oor sy lees gebukkend gesit, en wanneer hy 'n keer opkyk, kon hy deur die smal venstertjie bo sy kop net die voete uitmaak van die mense wat op die straatvlak verbygaan. Die meeste van daardie skoene het hy self gemaak.

Martin was 'n eensame man. In sy armoede moes hy so hard werk dat hy skaars tyd gehad het om met mense te meng. Sy enigste Gespreksgenoot was God. Soos hy ouer geword het, het die verlange in sy hart gegroei om die God tot Wie hy so baie gebid het, een keer van nader te leer ken.

Toe droom hy een nag dat Christus aan hom verskyn en sê: “Martin, hou môre die straat dop, want Ek gaan jou kom besoek.” Die volgende dag was Martin gereed vir sy Besoeker. Vroeg reeds was sy koolsop, melkpap en broodjie gereed vir die belangrike Gas. Elke keer wanneer hy 'n onbekende paar skoene sien verbykom, het hy opgestaan om deur die smal venstertjie die gesig te probeer uitmaak. Hoe sou Hy lyk?

Toe kies ou Stepánitch, die straatveër, om reg voor die venster te kom staan. Eintlik daarteen aan te leun. Want sy verskrompelde ou lyf was duidelik nie in staat om die sneeu weg te spit soos van hom verwag is nie.

Ongeduldig, omdat sy Gas enige oomblik kon opdaag, klop Martin teen die ruit en nooi die ou man in om hom 'n bietjie te kom warm maak by die vuurherd. Een koppie tee het twee geword en later drie, want ou Stepánitch het lang stories gehad. Martin het maar geduldig geluister, maar elke keer skrams deur die venster geloer of Hy nog nie aankom nie. Later was Martin se suiker op, maar ou Stepánitch se gesels nog nie. Martin het geluister en ingesien dat die ou drommel net so eensaam was soos hyself. Toe die ou uiteindelik vertrek, was Martin verbaas dat hy amper van sy Besoeker vergeet het.



Skaars was hy weg of Martin sien hoe 'n skraal vroutjie met 'n huilende baba in haar arm teen die oorkantste muur gaan sit waar sy probeer om die kind teen die sneeuwind te beskerm. “Kom in,” roep hy. “Dit is darem warmer hier by my vuurherd.” Dankbaar maak die vrou haar tuis, maar die baba skreeu een stryk deur.

“Is hy siek?” vra Martin. “Honger!” antwoord sy en kyk verlangend na die pappotjie wat op die vuur prut. Toe die vroutjie later loop, was die pap op en die baba stil. En Martin het 'n vriendin gemaak.

Nou was dit al namiddag en steeds het die Here nie gekom nie. Sou hy wat Martin, is Hom dalk verkeerd verstaan het? “Hou die straat dop; Ek gaan jou vandag kom besoek,” het Hy tog gesê. Maar al wat dáár verbygaan, is die bekende skoene van Martin se klante.

Tot sy verbasing kry Martin Avedéitsch vandag soveel gaste dat hy skaars kan werk.



Nou is dit weer 'n kaalvoetseuntjie wat by sy venster kom klop om ingelaat te word toe 'n klomp straatbullebakke hom agtervolg. Martin nooi hom dus maar in en vertel 'n paar stories om hom te kalmeer. En stop hom 'n bekertjie sop in die hand teen die koue. Nou is daar byna niks meer oor vir die hoë Gas nie.

Teen donker gee Martin moed op dat die Here nog sal kom. Dit was, na alles, tog maar net 'n droom, dink hy. Hy pak sy werkgoed weg, steek die lamp op en haal sy Bybel uit. Dit val asof vanself oop by Matteus 25:35, *“Ek was honger, en julle het My iets gegee om te eet; Ek was dors, en julle het My iets gegee om te drink; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My gehuisves. Ek was sonder klere, en julle het My klere gegee; siek, en julle het My verpleeg; in die tronk, en julle het My besoek… Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen.”* **Tóé verstaan Martin wat die Here bedoel het…**

[Stories vir die lewe Omnibus, Piet Naudé, Lux Verbi.BM, 1998-1999].

# Die Boodskap van die Skaapboer uit Tekoa

**Dit is die jaar 760 voor Christus. Amos, 'n boorling van die Suidelike Koninkryk waar Tékoa geleë is, word deur God geroep om 'n profeet te wees vir die Noordelike Koninkryk van Israel.**

**Na die dood van Salomo, die formidabele wyse koning wat die tempel gebou het en baie ander hervormings teweeggebring het, maar reeds in sy leeftyd van God verval het en tog aan die einde van sy lewe weer tot God gekeer het, is die Koninkryk van Israel verdeel.**

**Salomo se seun was sy troonopvolger, maar het die volk 'n harde antwoord gegee toe hulle vra dat hy hulle ter wille sal wees oor die harde hande-arbeid waartoe Salomo hulle gedwing het. (1 Kon. 12:10). Toe skeur die ryk omdat Reábeam na die raad van sy jong vriende geluister het. Tien stamme word onder Jeróbeam afgeskei na die Noorde, en Reábeam, Salomo se seun, bly oor met twee stamme, Juda en Benjamin, in die Suide.**

**Twee keer kom daar ballingskap: Eers word die tien stamme ná die dood en sonde van Jeróbeam deur die Assireërs na Assirië weggevoer in 722 v.C. Ongeveer 120 jaar later word die twee Suidelike stamme na Babel weggevoer in 605 v.C. en weer in 597 v.C., in Daniël en Esegiël se tyd.**

**Amos word geroep om profetiese woord hoofsaaklik vir die Noordelike Koninkryk te bring, net vóór die wegvoering in ballingskap. 'n Geweldige moeilike taak, want hulle kon hom vervolg en doodmaak! Sy boodskap sluit ook omliggende lande in. Dit is sy arbeidsveld: 'n Vervalle volk wat God verlaat het en ook afgode gedien het. Hulle het offers vir God gebring, maar ook altare gebou en vir die goue kalwers geoffer.**

**Daar was rykdom en voorspoed in die Noordelike Koninkryk en die volk was vooruitstrewend. Die ekonomie was sterk en die volk het in luuksheid en selfgenoegsaamheid geleef. Maar vooruitgang en 'n luukse lewe het ook korrupsie en vernietiging meegebring. Hulle het selfs ook die armes onder die volk in slawerny aan ander heidense volke verkoop. Hulle het in godsdienstige verval gekom terwyl hulle voorgegee het om God te dien. Hulle het hulle eie tempel gehad, apart van die tempel in Judea in die Suide. In die Noorde het hulle God <u>en</u> die afgode gedien. Hulle het niemand nodig gehad nie. Die leiers het in 'n gemaksone van voorspoed geleef. Onder hierdie omstandighede bring Amos God se Woord - onder baie vervolging en teëstand.**

***"Amasia was die priester van Bet-El ("Huis van God", die aanbiddingsplek in die Noorde). Hy het vir koning Jerobeam van Israel 'n boodskap gestuur en gesê: 'Amos maak slegte planne teen jou. Wat hy sê, is gevaarlik vir die land. Amos sê vir die Israeliete: 'Koning Jerobeam sal in 'n oorlog sterf, en die vyande sal die Israeliete vang en wegvat na 'n ander land (ballingskap).' Vir Amos het die priester Amasia gesê: 'Gaan weg, profeet! Gaan terug na die land Juda. Gaan wees daar 'n profeet en gaan verdien jou geld daar. Hier in die stad Bet-El mag jy nie meer 'n profeet wees nie, want hierdie tempel is die koning en die land Israel se tempel.' (Dus nie <u>God</u> se tempel nie? Alhoewel dit genoem word die "Huis van God"!)***

***"<u>Amos het vir Amasia gesê</u>: 'Ek is nie 'n gewone profeet nie. Ek is nie saam met die ander profete nie. Ek is 'n boer. Ek boer met beeste en met bokke en skape, en ek plant wildevyebome. Maar die Here het my weggeneem van die skape en bokke, en Hy het vir my gesê: 'Jy moet My profeet wees. Gaan sê vir My volk, die Israeliete, Ek sal hulle straf.' Nou moet jy luister na wat die Here sê. Jy sê ek moenie 'n profeet wees en teen die Israeliete praat nie. Maar die Here sê: 'Jou vrou sal 'n prostituut word in die stad, en jou kinders sal in 'n oorlog sterf. Die vyande sal jou grond vat en verdeel, en jy sal sterf in 'n onrein land. Die vyande sal die Israeliete vang en wegvat na 'n ander land'"*** **(Amos 7:10-17, Die Bybel vir Almal).**

**Het Amos ook 'n boodskap vir <u>ons</u> vandag? Hoe moet ons die Ou Testament as deel van die Woord van God verstaan met die aaneenskakeling van die Nuwe Testament? Wat beteken die <u>TOTALE</u> Woord van God van Génesis tot Openbaring ook vir óns vandag?
Die Woord van God is nie 'n Geskiedenisboek nie.
Die Woord van God is nie 'n Wetenskap-handboek nie.
Die Woord van God is nie slegs 'n inligtingsbron nie, soos iemand dit stel: "The Word is not for information, but for <u>transformation</u>. Wat is die Woord? Dit is die totale *logos* van God in Jesus Christus (Joh. 1). Dit is die Lewende Woord van die Lewende God wat tot in alle ewigheid nooit tot niet kan gaan of uitgewis kan word nie! En dit spreek nog tot ons vandag.**
***"Die hele Skrif is deur God ingegee*** **(ge-asem, "God-breathed", verwys ook na Gen.2:7)** ***en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus"*** **(2 Tim. 3:16-17; lees ook Rom. 15:4).**

**Jesus Self praat van Die Ou Testament as die Boeke van die Wet, die Profete en die Psalms. En die Apostels het gereeld aanhalings uit die Ou Testament gemaak, selfs toe daar nog nie Nuwe Testamentiese boeke bestaan het nie. Ons moet die Bybel lees onder leiding van die Heilige Gees, en vra: "Here, wat wil U vir my hierdeur sê?" In Jesus Christus kom die hele Ou en Nuwe Testament tot vervulling. Kyk hoe Petrus op die dag van Pinkster die Ou Testament gebruik:** ***"Ek het altyd gesien dat die Here by my is, en Hy was altyd naby my om my te help sodat ek nie sal struikel nie. Dit maak my hart so vol vreugde dat ek Hom prys met my mond"*** **(Hand. 2:25-26, Lewende Bybel). Dit kom uit Ps. 16:8-11 en is van toepassing op Jesus Christus. En so kan elkeen van ons in die voetspore van Jesus, ook hiérdie Woord op ons wat geglo het, toepas op ons lewe. Sy roepstem kom in liefde tot elke mens. Kom na Jesus toe! God roep jou in Sy genade.**

**Die hele Skrif is deur God ingegee, <u>ook die boek Amos</u>. Iemand het gesê: "God is genadig. God se profete verkondig oordeel, maar ook genade, selfs vir die heidene. Hierdie hoofstuk (Amos 7) fokus op die volgende hoofgedagtes: God is genadig as die sondaar sy sonde bely. Daar is selfs vir heidene genade. God straf die sondaar as daar nie berou oor sonde is nie." So dringend, so drasties het die profetiese boodskap deurgekom tot hulle wat God verlaat het, God se Verbondsvolk. Hulle het Sy verbond verbreek en afgode gaan dien. Nou kry hulle 'n laaste kans, wat hulle nie gebruik het nie, en hulle word in ballingskap weggevoer na Assirië. En dit dien vir alle geslagte en alle mense <u>as 'n voorbeeld</u>, tot en met die Kerk aan die einde van alle tye. Amos roep ons almal wat nou leef in die genadetyd op om ons lewens met God reg te maak en ons lewens aan God toe te wy in Jesus Christus.**

**Wat is jóú persoonlike verhouding met God vandag? Daar is nog genade vir elkeen. Elke dag. Of jy in voorspoed lewe soos die Israeliete in die Noordelike Ryk waar Amos bedien het, en of jy soos die arm bedelaar Lasarus by die poorte van die ryk man sit en net wag vir 'n stukkie brood - elke mens op aarde het Lewensbrood nodig vir die ewige lewe. Jesus sê:** ***"Ek is die Brood van die lewe."***

**Al het jy foute gemaak, kom na Jesus toe. Hy veroordeel jou nie, maar Hy roep jou in liefde: "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee" (Matt. 11:28). By Hom kry jy die geseënde, permanente inwoning van die Heilige Gees waar Hy al jou laste op Hom neem - al jou sorge. Die Heilige Gees leer en lei jou daagliks in die hele waarheid. Is dit nie wonderlik nie?**

**God het tot Israel gespreek, maar spreek ook vandag nog in genade met ons:** ***"Daarom, soos die Heilige Gees spreek: 'Vandag as julle Sy Stem hoor, verhard julle harte nie soos in die verbittering, in die dag van die versoeking in die woestyn nie, omdat daar gesê word: Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie soos in die verbittering nie'"*** **(Heb. 3:7, 8,15). En in 2 Kor. 6:2 -** ***"Want Hy sê: In die tyd van die welbehae het Ek jou verhoor, en in die dag van heil het Ek jou gehelp. Kyk, nou is dit die tyd van die welbehae; kyk, nou is die dag van heil."***

**Wanneer ons positief reageer op God se roepstem, kom woon Hy in elke hart wat Hom vra. Selfs Amos, die skaapboer uit Tékoa, se boodskap eindig as 'n saligspreking uit die Hand van die genadige God vir elkeen wat God gehoorsaam en Hom wil dien:** ***"Ek sal die lot van My volk Israel verander: hulle sal die verlate stede herbou en bewoon, hulle sal wingerde plant en die wyn daarvan drink, hulle sal tuine aanlê en die vrugte daarvan eet. Ek sal My volk weer in hulle grond plant, en hulle sal nie weer uitgeruk word uit die grond wat Ek hulle gegee het nie, sê die Here jou God"*** **(Amos 9:14-15).**
**© Dr. J J Venter**

# JOYOUS CHURCH BELLS TERRIFIED INVADERS

Horror gripped the peaceful village of Feldkirch, Austria, early on Easter morning in 1799, when high above the valley in which the town nestled, they spied the tents and the gleaming armour of a foreign army. The uniforms, plainly seen in the clear dawn were those of Napoleon's French forces. With the weapons of enemy soldiers glittering above them, and their own Austrian army far away across the mountains, the villagers had reason for desperation.

Hurriedly, the town council assembled. Hopelessness pervaded the council chamber. Someone proposed that they send a peace offering up the steep cliff, handing the keys of the city to the enemy commander and petitioning him for mercy. But up rose the old dean of the church, serene as the sunrise, stout-hearted as the ancient trees upon the hill.

"This is Easter morning," he declared, his voice echoing the peace of the first resurrection day. Confusion instantly subsided among the council members who were calmed by the tones of his voice.

"We have been reckoning on our own strength: and it is but weakness. Let us ring the bells and have services as usual. We will leave our troubles in the hands of a Higher Power."

His courage was contagious, and the council agreed with him. Soon the village church bells rang out joyously. Gaily dressed villagers, on their way to worship, thronged the streets. The surrounding hills echoed the rich tones of the church bells as they pealed louder and louder, proclaiming the resurrection of the living Christ!



On the heights above the little town, General Massena in command of Napoleon's invading army with 18 000 troops, hearing the sounds of rejoicing and seeing the carefree, brightly-clothed throngs, concluded there could be but one reason for such gaiety in the presence of his military might. He was sure that the Austrian army had come up in the night and might even now be encircling his position on the wooded hill. Massena ordered his army to break camp speedily and depart.

Almost before the bells had ceased ringing - long before church services were concluded that Easter day in 1799 - the French army was in retreat. When the worshippers of Feldkirch poured out of the church doors and looked up at the heights, they saw not one tent, not one French soldier, not one flashing sword above their peaceful village.

[THE MIGHTY HAND OF GOD, Katherine Pollard Carter, IMPACT BOOKS, INC., 1991].

# DIKEETANE LE DIKOTLHAO TSA GO SE ITSHWARELE

## (The chains & punishment of unforgiveness)



**DITEMANA**

Matheo 6:12, *"O re itshwarele melato ya rona, jaaka le rona re itshwarela ba ba melato le rona."*
Matheo 6:14-15, *"Gonne fa lo itshwarela batho ditlolo tsa bone, le lona Rraeno wa legodimo o tla lo itshwarela. Mme fa lo sa itshwarele batho ditlolo tsa bone, Rraeno le ene ga a kitla a lo itshwarela ditlolo tsa lona."*

Matheo 18:21-22, *"Ke fa Petoro a atamela, a mo raya a re: "Morena, mokaulengwe wa me o ka nteofela ga kae, ke ntse ke mo itshwarela? A e ka nna gasupa?" Jesu a mo raya a re: "Ke go raya ke re: E seng gasupa, mme e nne ga 70 gasupa."*

Baefeso 4:32, *"Mme tsholanang ka bopelontle, lo utlwelane botlhoko, lo itshwarelane jaaka Modimo le ona o lo itshwaretse ka Keresete."*

Matheo 18:33, *"Le wena, a e ne e se tshwanelo ya gago go utlwela motlhanka-ka-wena botlhoko, jaaka le nna ke go utlwetse botlhoko? Mme morena wa gagwe a tuka bogale, a mo neela batlhokofatsi, go tsamae a lefe molato otlhe. Rre wa legodimo le ene o tla direla jalo mongwe le mongwe wa lona yo o sa itshwareleng mokaulengwe wa gagwe ka pelo yotlhe."*

**DIKAKANYO**

Mo Aforikaborwa ke nako ya dikgetho gape jaanong. Re na le hisitori ya e e tlhabisang ditlhong mo lefatsheng la rona. Hisitori ya Aforikaborwa e tlhoka boitshwarelo jwa dibe tse dintsi. Batho ba bantsho ba ne ba tlhoka go itshwarela dibe tsa basweu mme le batho ba basweu ba ne ba tlhoka go itshwarela dibe tsa batho ba bantsho. Go ne go na le dikopano tsa Nnete le Poelano kgotsa Truth and Reconciliation. Koo go ne go kopanwa gore go kopanwe boitshwarelo. Beibele e re ruta gore re tshwanetse go itshwarelana. Se se utlwisang botlhoko ke gore fela fa e nna nako ya dikgetho go na le batho ba ba busetsang setšhaba sa rona kwa morago ka kgang e ya go itshwarelana. Fela fa ke mo Mokeresete a tshwanetseng go ipotsa gore a ruri o itshwareletse? Le thapelo ya Morena e bua ka boitshwarelo. Re kopa Morena a re itshwarele jaaka re itshwarela. Baruti ba rera ka boitshwarelo nako e ntsi mme a seo se diragala gotlhe mo bophelong jwa gago. Se se utlwisang botlhoko ka naga ya Aforikaborwa ke fa re tshwanetse go itshwarela ditiragalo tsa hisitori ya rona.

Gape akanya fa re bua le ka HIV. Nagana mongwe a tshwarisitse moratiwa kgotsa mosadi wa gagwe HIV. Kgotsa sekao se sengwe fa ngwana a bolailwe ke letagwa ka koloi. Nako e nngwe go itshwarela go thata. Akanya fela gore go ne go le thata jang gore Jesu a re itshwarele dibe tsa rona tsotlhe. Temana ya Matheo 18:34 ya re fa o sa itshwarele o tla neelwa batlhokofatsi. Thapelo ya Morena ya re re tla itshwarela jaaka re itshwarela. Go raya eng? Fa o sa itshwarele ga o ye go itshwarelwa. Fa o sa itshwarele o tla neelwa batlhokofatsi. Ka nako ya dikgetho se dire gore o bofiwe ka dikeetane tsa go boela morago ka boitshwarelo jwa gago. A o ne o itshwareletse mme jaanong o busetswa morago. Ga twe o se itshwarele! Fa o sa itshwarele le wena o ka se tshwarelwe. O neelwa batlhokofatsi. A wena o phela ka mathata. A wena o na le batlhokofatsi mo bophelong jwa gago? Itlhatlhobe o itshwarele gore le wena o itshwarelwe.



*Johan Zerwick*
*Sêlê ke 083 458 3837*

**THAPELO**

Ntate wa rona re kopa o re itshwarele melato ya rona, jaaka le rona re itshwarela ba ba melato le rona. Re thuse gore re itshwarelane ka pelo yotlhe. Re thuse re kgone o itshwarelana gore re se neelwe batlhokofatsi. Re leboga o re itshwaretse mme wa re neela Jesu go swela dibe tsa rona tsa go se itshwarelane. Re thuse ka nako e nngwe go le thata go itshwarelana. AMEN.

# 'N PREEK SONDER WOORDE

'n Jong priester wou graag by die beroemde Franciscus van Assisi die beginsels van goeie prediking leer.

Hy het aangehou totdat Franciscus eendag sê: "Ek gaan vandag in 'n naburige stad preek. Jy kan saamgaan as jy wil sien hoe 'n mens dit doen."

Die kêrel was verheug en het dadelik die uitnodiging aanvaar. Die hele dag het hulle deur die hoof- en agterstrate van die stad geloop; hier gesels en daar uitgevra; soms raad gegee en ander kere getroos. Hulle het met letterlik honderde mense skouers geskuur.

Teen die aand sê Franciscus dat hulle nou moet begin huis toe gaan.

"Maar u het dan die hele dag nooit één keer gepreek of mense toegespreek of selfs oor Jesus gepraat nie!" sê die teleurgestelde priestertjie. "Ek dog u het gesê ek kon kom leer hoe om te preek!"

"Ek hoop jy hét," antwoord Franciscus stilweg. "Ons het gepreek oral waar ons gegaan het. Baie mense het ons gesien en omdat ons Christene is, is ons gedrag oral fyn dopgehou. Dit help niks om vir ander te preek as ons hele lewe nie self 'n preek is nie."

*000ooo000*

*"Die impak van ons lewe*
*word nie bepaal deur*
*wat ons sê nie,*
*maar deur wat ons doen;*
*nie deur die dinge*
*wat ons vir die Here doen nie,*
*maar deur wat ons onwillig*
*is om vir ander te doen."*

[Stories vir die Lewe Omnibus, Piet Naudé, Lux Verbi.BM, 1998-1999].

# SO HARTSEER EN WAAR...

Ons kla oor grys hare - 'n kankerpasiënt wens sy het hare gehad!

Ons gooi kos weg - honger mense bid net vir 'n stukkie brood!

Ons baklei met ons geliefdes - êrens in die lewe sit iemand alleen en bid vir liefde om oor hulle pad te kom!

Ons ouers irriteer ons soms of ons opinies verskil, maar êrens in 'n ouetehuis sit oumense en bid vir 'n kuiertjie van hul kinders wat hulle weggegooi het!

Ons baklei met ons kinders en ons kinders met ons - maar êrens sit 'n ma of 'n kind by 'n graf en ween en wens vir nog net een dag saam met daardie persoon!

Ons bekommer onsself oor watter geskenk ons gaan kry of koop - êrens sit 'n ma en bid dat sy net Kersfees 'n brood en 'n bottel aanmaak-koeldrank en miskien 'n stukkie hoender vir haar kinders kan voorsit! Wat nog te sê 'n geskenk?

Ons kla oor vet of maer wees - êrens veg iemand om oorlewing en wag vir 'n orgaan!

**Wees dankbaar vir wat jy het, wie in jou lewe is en wees geduldig en klaar dinge uit op 'n mooi manier!**

Dink oor hoe geseënd jy is en hoe jy dinge sommer maar net verwag omdat dit jou toekom! Dis aardse goed en 'n gejaag na wind!

Hartsake en liefde is meer werd as enige groot duur geskenk of 'n nietige bakleiery!

Die dood is so finaal. Maak die beste van jou en jou geliefdes se lewens!!!
*- Oorgeneem*

# WAT IS DIE KERK? (Matt. 5:13-16)

Twee delwers was op 'n dag besig om te soek na diamante toe een van hulle skielik 'n uitroep van verrukking gee. Hier voor hom op sy delwersif het hie nie net een diamant gelê nie, maar sowaar sés. Grotes! Dit het beteken dat hulle op 'n plek afgekom het waar daar sekerlik nog baie ander diamante ook moes wees. Hulle het van blydskap rondgedans. Die adrenalien het gepomp. Hulle het geweet: Ons is skatryk!

Hulle het mekaar belowe dat hulle niemand anders hiervan sou vertel nie, uit vrees dat die ander delwers hulle stukkie grond sou oorstroom en dit van alle diamante sou stroop. So gesê, so gedaan.

Hulle moes die volgende dag na die nabygeleë delwersdorpie gaan om voorraad te gaan koop, maar het nie 'n enkele woord oor hulle vonds teenoor iemand gerep nie.

Nadat hulle in al die winkels was en gereedgemaak het om na hulle delwery terug te keer, sien hulle tot hul ontsteltenis dat ongeveer 100 ander delwers ook hulle gereedskap opgepak en agter hulle begin aanloop het.

"Waarom volg julle ons?" vra een van die mans.

"Ons wil saam met julle na die diamante gaan soek," kom die antwoord.

"Diamante? Maar ons het tog nie vir iemand gesê dat ons diamante gevind het nie."

*"Dit was nie nodig nie,"* kom die antwoord. "Ons kon dit op julle gesig sien."

Wat kan mense op jóú gesig sien? Wat kan hulle uit jou lewenstyl aflees?

**Een ding is seker: 'n Mens kan nie, mág nie jou Christenskap geheim hou nie.**

Jy kan nie 'n Christen wegsteek nie - nie onder 'n maatemmer of op enige ander plek nie. Trouens, die woord *Christen* beteken "om aan die Here te behoort," en dis geen privaat aangeleentheid nie.

Christenskap is openbaar, daar vir almal om te sien. **Wie 'n Christen is, bely dit nie slegs met die mond nie, maar dóén dit, lééf dit, ís dit, elke dag!**
[HET GOD 'N HANDVATSEL? Johan Cilliers, CUM, 2003].

# LIEFDE IS... VRIENDELIK

In die klassieke werk, *Les Miserables*, vertel Victor Hugo die verhaal van Jean Valjean. Die enigste misdaad wat hy ooit gepleeg het, was om 'n enkele brood te steel om sy suster se uitgehongerde kinders mee te voed.

Nadat hy negentien jaar in die tronk hiervoor geboet het, is hy vrygelaat. Hy het werk gesoek, maar kon nêrens iets kry nie as gevolg van sy kriminele rekord. Uiteindelik het hy by 'n bejaarde biskop iets te ete en 'n slaapplek vir die nag ontvang. Gedurende die aandete, het Valjean uit pragtige silwer borde geëet. Hy was verstom dat hy, as oud-gevangene, uit sulke elegante borde kon eet. Terwyl hy op die bed gelê het, het hy aan die eetgerei se groot waarde gedink.

Die volgende oggend het hy vroeër as die res van die huishouding opgestaan, toegegee aan die versoeking en die silwer borde gesteel.

Hy is egter spoedig deur die polisie gevang en na die biskop se huis geneem. Hier het hulle aan die biskop gesê dat Jean sy borde gesteel het. Die vriendelike biskop het egter gesê dat dit 'n geskenk van hom was en bygevoeg dat Jean vergeet het om die kandelare ook saam te neem.

Jean Valjean was só diep geroer deur die biskop se vriendelike weldaad dat hy 'n Christen geword het. Hierdie vriendelike daad van welwillendheid het 'n totale ommekeer in sy lewe teweeggebring. Dit is verbasend wat in menseverhoudinge kan plaasvind deur vriendelik te wees!

Tog word vriendelikheid en welwillendheid vandag dikwels met swakheid verwar. Wie wil nou vriendelik en bedagsaam wees terwyl hulle hul ideale nastreef en die toppunt van sukses wil bereik? Nee, klim eerder bo-oor ander in jou strewe na bo!

Om vriendelik te wees, beteken om mensliewend, saggeaard, goedhartig, minsaam, aangenaam, barmhartig en medelydend teenoor ander op te tree.

[GEEN GROTER LIEFDE, Robert Strand, VG Uitgewers, Springs, 1996].

*000ooo000*

*Laat julle vriendelikheid aan alle mense bekend word. Die Here is naby* (Fil. 4:5).

# VERRUIL JOU WAARDES VIR GOD S'N

Die Bybel is 'n skatkis propvol unieke karakters en besondere verhale wat ons diep waarhede wil leer. Ons word telkens uitgedaag deur verskillende perspektiewe, vooroordele, gemoedere, gesindhede, en waardes wat deur die rolspelers gehuldig word.

In die Evangelies sien ons hoe Jesus die noodtoestand van weerlose mense betree en ons dan leer hoe om Sy liefde weerklank te laat vind in soortgelyke situasies wat oor ons lewenspad mag kom. So leer Hy ons ook prakties van Sy Koninkryks-waardes deur die besondere verhaal van 'n blinde bedelaar - Bartimeus, die seun van Timeus (Markus 10:46-52).

### 1. BARTIMEUS SE OPTREDE

Daar was 'n enorme skare op pad na Jerusalem. Hulle was volgelinge van Jesus. Die opwinding was tasbaar, omdat die Paasfees binnekort sou aanbreek (v. 46). Wat 'n verruklike geestelike ervaring sou dit wees om saam met die Groot Leermeester so 'n belangrike fees te kon vier! Dit is byna soos hedendaagse reisigers se pelgrimstog na die Geliefde Land, Israel. Naby Jerigo het daar egter 'n bedelaar langs die pad gesit en bedel. Dalk was hy bly dat daar so 'n groot skare was, want die kans op 'n aalmoes was dan beter. Sy blindheid het hom verdoem tot 'n vernederende bedelaarsbestaan. As hy tog net kon sien...

Die geluid van die menigte voete en die gerammel van vele stemme word al harder. Waarom tog so 'n groot groep pelgrims? Juis hier, juis nou? Meteens besef Bartimeus dat dit Jesus is wat hier verbygaan! 'n Geloofstraal klief deur sy gees en hy begin hardop uitroep: *"En toe hy hoor dat dit Jesus die Nasaréner was, begin hy om uit te roep en te sê: Seun van Dawid, Jesus, wees my barmhartig!"* (v. 47). Hy het sy geloof in werking gestel!

Bartimeus moes al van Jesus se wonderwerke en leringe gehoor het, aangesien die gerug van Jesus deur die land versprei is (Luk. 5:15). Hy het gesmag dat hy eendag met Jesus in aanraking sou kon kom sodat daar vir hom ook genesing kon wees. Eindelik het die vlammetjie van hoop tot 'n geweldige vuur ont-spring. Hy kon hierdie geleent-heid nie laat verbygaan nie! Bartimeus noem Jesus die "Seun van Dawid". Hy het Hom dus as die Messias erken - die Een deur God gestuur om mense te verlos van duisternis en blindheid. Hierdie titel verwys na Jesus se geslagslyn (beide Josef en Maria het van Dawid afgestam; Matt. 1 en Luk. 3; Rom. 1:3), maar veral ook na die profesie van 'n koninklike Nakomeling vir Dawid (2 Sam. 7:16, Jer. 33:17, Op. 22:16). Hy is God wat mens geword het, en dit alles volgens God se uitnemende raadsplan om só redding vir die mensdom te bring. Ook sig - fisies en geestelik.

Bartimeus laat hom geensins van stryk bring toe mense hom begin bestraf nie. Met deursetting en inspanning probeer hy Jesus se aandag trek. Hy hou aan met roep.

Mag hierdie dringende, polsende geloof van 'n verworpe bedelaar ons ook besiel om ons vangnet van geloof in die waters van God se genade te werp en te hoop op 'n ryke vangs wat ons siele sal voed en ons liggame sal genees. Kom ons rig ons versoeke na Jesus - die vir ons eie lewensomstandighede asook die vir die worsteling van ander.

### 2. DIE SKARE SE OPTREDE

In kontras met Bartimeus se geloof tref ons 'n skare aan wat liefdeloos optree. Hul optrede is miskien goedbedoel, maar vloei eintlik voort uit geykte waardes en opvattings. Alistair Begg verduidelik dat daar baie bedelaars rondom die stadspoorte was wat gehoop het op 'n klein aalmoesie. Die skare wou egter nie nou gepla word nie, maar wou eerder fokus op die Paasfeesvierings wat binnekort sou aanbreek. Hulle wou Jesus volg, na Hom luister, en Sy wonderwerke beleef - en Bartimeus was net in die pad. Die skare bestraf dus die bedelaar en probeer hom stilmaak.

Uit die skare se optrede sien ons sien die openbaring van self-gesentreerde waardes wat lynreg teen die waardes van die Koninkryk staan. As ons eerlik is, kan ons ons hand diep in eie boesem ook steek. Hoe dikwels is ons haastig op pad kerk toe, of besig met 'n goeie of nodige saak, en dan is ons gefrustreerd as ons met die nood of behoefte van ander gekonfronteer word. Ons vergeet dat Jesus ons telkemale uit ons eie nood gelig het. Dat Hy juis vir diesulkes gekom het. Dat Hy van ons verwag om vir ander te doen wat Hy ook vir ons gedoen het: om hulle prakties lief te hê. Dít is die waardes van die Koninkryk, en Hy wil óns gebruik om die nood van ander aan te spreek.

Inderdaad beteken dit nie dat ons die hele wêreld se probleme op ons moet neem nie. Ons het werklik nie die kapasiteit om alle probleme en nood op te los nie. Maar ons moet oop wees vir die sagte influistering en oortuiging van die Heilige Gees in ons hart wanneer ons met mense se nood gekonfronteer word. Ons moet bereid wees om te sê: "Here, ek weet nie hoe nie, en ek is eintlik haastig en hierdie saak is ietwat van 'n frustrasie. Maar as U my wil gebruik, leer my hoe om prakties lief te hê. Leer My U waardes."

### 3. JESUS SE OPTREDE

Dit moes 'n moelike tyd vir Jesus gewees het. Die kruisiging het soos 'n groot en donker figuur voor Hom opgedoem. Hy was baie bewus van wat vir Hom voorgelê het. Na soveel bediening en lering het Sy dissipels nog glad nie die erns en betekenis van hierdie Kruisigingstyd verstaan nie - hulle was nog besig om te stry oor wie die grootste en belangrikste is (v. 41).

Daar was ook gedurig 'n skare van mense wat rondom Hom gemaal en gedruk het. Hulle het desperate behoeftes gehad wat Hy dringend moes aanspreek; min het gedink aan Jesus se behoeftes om stilte en begrip.

Toe Jesus egter die noodkrete van Bartimeus hoor, ***het Hy gaan staan***. Hy het Sy doelgerigte reis en besige dag onderbreek om iemand in liefde aan te raak - teen die verwagting van die skare in. Hy het Bartimeus se geloof geëer en hom geroep! (v. 49). Skielik swiep 'n rimpeling van geloof deur die skare. In plaas daarvan om Bartimeus te ignoreer of te bestraf, het hulle hom nou bemoedig, geroep en genooi om na Jesus te kom. Jesus raak Bartimeus aan en hy kon dadelik sien. En hy volg Jesus op die pad.

Laat ons bemoedig word deur die voorbeeld van Bartimeus wat gelowig na Jesus geroep het, ten spyte van konflik en teenkanting. Laat ons nie, soos die skare, te besig wees wanneer die Meester ons as instrumente wil gebruik om ander met Sy goedheid aan te raak nie. Laat ons besin of daar geestelike blindheid is wat die aanraking van ons Groot Geneesheer benodig? 'n Vereelte hart, 'n ongelowige gees, 'n afsydige gesindheid? En laat ons Jesus se voorbeeld volg deur die wil van die Vader te doen, tydig en ontydig, ten spyte van druk en moeilike omstandighede.

© C Venter

---

**Dit is nie die rekenkunde van ons gebede -
hoe baie hulle is;
óf die retoriek van ons gebede -
hoe vloeiend hulle is;
óf die geometrie van ons gebede - hoe lank hulle is;
óf die musiek van ons gebede - hoe beredeneerd hulle is;
óf die logika van ons gebede - hoe georden hulle is;
óf selfs die teologie van ons gebede - hoe goed die formulering;
wat vir God belangrik is nie.
Hy is eintlik net geïnteresseerd in ons kinderlike opregtheid!**

---

*O God, hoe kosbaar is
U getroue liefde nie!
Daarom skuil mense onder
U vleuels vir beskerming.
Hulle geniet van die oorvloed wat
daar in U Teenwoordigheid is
en U laat hulle drink uit
die stroom van U goedheid.
Want U is die Fontein wat lewe gee.
en in U nabyheid ondervind
ons eers wat lewe wérklik is.
(Ps. 36:8-10, Die Lewende Bybel)*

# Die Skielike Wegvoering of Ontruiming



In ons hiper-mededingende samelewing word uitermate klem gelê op "wen" of "eerste wees". Daar word soveel prominensie aan "wen" en "sukses" gegee dat daar reeds van jongs af 'n "prestasie-angs" by kinders ontwikkel. Almal jaag daarna om die hoogste sport te bereik, hetsy op akademiese of beroepsvlak, sport, sang, of waarin die individu ook al mag uitmunt. Almal wat nie "wen" en "pryse" daarvoor kry nie, word somtyds as "tweederangs" behandel en hulle beskou hulself as minderwaardig en verloor dikwels belang in die lewe.

Wat die ware wedloop (die geestelike wedloop) van die lewe aanbetref, is dit só verblydend dat elke kind van God 'n wenner deur die verdienste van Jesus Christus kan wees! Niemand kom tweede of laaste nie. Niemand is minderwaardig of onbenullig nie! Aan die einde van hiérdie wedloop wag daar 'n onbeskryflike prys - 'n ewige lewe van heerlikheid en skoonheid saam met Jesus Christus!

Paulus begryp so goed wat hierdie allerbelangrikste wedloop inhou en skryf: *"Weet julle nie dat atlete wat aan 'n wedloop deelneem, wel almal hardloop, maar dat net een die prys ontvang nie? Hardloop dan só dat julle die prys kan wen. Almal wat aan 'n wedstryd deelneem, ontsê hulleself allerlei dinge. Hulle doen dit om 'n verganklike oorwinnaarskroon te verkry, maar ons 'n onverganklike"* (1 Kor. 9:2425 NV).

Die skrywer aan die Hebreërs benadruk ook die gedagte van volharding: *"Daarom dan, terwyl ons so 'n groot wolk van getuies rondom ons het, laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê, die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het"* (Heb.12:12 OV).

Ons hoogste prestasie ooit sal dus wees om met volharding die geestelike wedloop te voleindig as 'n wenner! Paulus het al die eindstreep waaroor ons hardloop in gedagte wanneer hy skryf: *"Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie. Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees. Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde"* (1 Thess. 4:15-18 OV).

Paulus sê dat ons as kinders van die Here mekaar in hierdie vermoeiende geestelike wedloop moet bemoedig en help: *"En op ons wat sterk is, rus die verpligting om die swakhede te dra van die wat nie sterk is nie, en nie onsself te behaag nie."* (Rom.15:1 OV).

Jesus kom eersdaags om Sy Bruid te kom haal. Kom ons help en bemoedig mekaar sodat ons almal enduit met die belangrikste wedloop van ons lewens sal kan volhou! Laat ons gereed wees en by mekaar "inhaak" sodat ons Hom almal saam tegemoet kan gaan in die lug!

**Hoekom word hierdie "tegemoetgaan in die lug" of "weggevoer word" (1 Tessalonisense 4:17) ook die "Wegraping" genoem?**

Baie Skrifverklaarders misken die feit van die wegraping of wegvoering, aangesien hulle aanvoer dat die woord "wegraping" nie in die Bybel voorkom nie. Dit is egter nie 'n baie geldige argument nie, want daar is baie ander woorde wat ook nie in die Bybel voorkom nie, byvoorbeeld die begrippe "drie-eenheid", "kerk" (Ou vertaling), "sinode", "kerkraad", "moderator" of "pous", "dominee", "teologie" of "dogmatiek" en talle ander.

Dit is egter nie verkeerd om hierdie woorde te gebruik nie, want daar het ontwikkeling in die voortgang van die Kerk gekom en nuwe begrippe moes gevorm word. So was daar in die begin nie gestruktureerde kerkrade of gemeenteraadsvergaderings nie. Daar was ook nog nie sprake van "diakens" in die eerste paar hoofstukke van Handelinge nie. Toe daar egter die behoefte ontstaan het om die armes en die weduwees te versorg en die apostels nie alles kon behartig nie, is daar diakens gekies, en só het die diaken-amp tot stand gekom (Hand. 6).

Wat die begrip "wegraping" of "wegvoering" betref, kan dit ten minste uit vertalings verduidelik word. Ons lees in 1 Tess. 4:17 NV: *"Allereers sal dié wat in Christus gesterf het, uit die dood opstaan; daarna sal ons wat nog lewe, saam met hulle op die wolke weggevoer word, die lug in, die Here tegemoet. En so sal ons altyd by die Here wees."*

"Wegraping" is dus net 'n ander woord vir "wegvoering". Die algemene Engelse vertaling is "shall be caught up", "will be caught up", "will be taken up", "will be gathered up". 'n Nederlandse vertaling lui: "opgenomen worden". Die Latynse vertaling (die Vulgaat), deur Hieronimus (347 n.C. tot 419 n.C.) van hierdie teks, lui: *"...deinde nos qui vivimus qui relinquimur simul rapiemur cum illis in nubibus obviam Domino in aera et sic semper cum Domino erimus."* Die woord *rapiemur* word afgelei van die werkwoord *rapio* wat beteken "om weg te voer" of "om iets of iemand te gryp."

Die oorspronklike Griekse begrip is *harpagēsometha* (soos die Latynse *rapiemur*) wat letterlik beteken "ons sal meteens of skielik weggeruk / weggevoer word". Dit is 'n voortbouing op die Griekse werkwoord *harpazō*, wat beteken "om met geweld weg te neem", "om met krag weg te dra/voer", "om weg te gryp", ens. In Afrikaans vind ons die woorde "weggeruk" (2 Kor. 12:2,4 OV) en "weggevoer" (1 Tess. 4:17 NV). Ons kan dus praat van "wegvoering", "wegrukking", "wegname" of "wegraping."

Daar is ook soortgelyke gebeure wat in die Bybel opgeteken staan:

1. Henog: *"Omdat Henog geglo het, is hy weggeneem sonder dat hy gesterf het, en hy was nêrens te vind nie, omdat God hom weggeneem het. Van hom word getuig dat hy, voordat hy weggeneem is, geleef het soos God dit wou"* (Heb.11:5 NV).

2. Elia: *"Terwyl hulle geselsgesels verder gegaan het, was daar skielik 'n wa van vuur met perde van vuur wat hulle twee van mekaar geskei het, en Elia is in 'n stormwind op, die hemel in"* (2 Kon. 2:11 NV).

3. Paulus: *"Ek ken 'n man wat aan Christus behoort. Veertien jaar gelede is hy weggeruk (harpazō) tot in die derde hemel. Of dit met die liggaam was of sonder die liggaam, weet ek nie, net God weet dit. Ek weet ook dat hierdie man weggeruk is na die paradys toe. Of dit met die liggaam was of sonder die liggaam, weet ek nie, net God weet dit. Daar het hy woorde gehoor wat 'n mens nie kan of mag uitspreek nie"* (2 Kor. 12:2-4 NV).

4. Johannes: *"Hierna het ek, Johannes, in die hemel 'n deur gesien wat oopgemaak is, en die stem, soos die geluid van 'n trompet, wat ek die eerste keer met my hoor praat het, het gesê: 'Kom op hierheen, en Ek sal vir jou wys wat hierna moet gebeur.' Onmiddellik is ek deur die Gees meegevoer. Ek het gesien daar staan 'n troon in die hemel en op die troon sit daar lemand"* (Op. 4:1-2 NV).

5. Jesus Christus: *"Terwyl Hy weggaan en hulle nog stip na die*

*Vervolg op p. 7*

Hendrik van Graan
Susana van Graan
OPTOMETRISTS / OOGKUNDIGES
PETER MOKABALAAN 3 (VAN RIEBEECKSTRAAT 3)
Tel: (018) 294 7666 • Tel: (018) 294 7111
B. Optom: F.O.A. (S.A.) • Praktyknr./Practice No. 7027060

Pick n Pay
Van der Hoffpark Potchefstroom
Inspired by you
7 Days a Week!
Monday - Sunday
07:00 - 19:30
Tel: 018 290 6131



# Die Skielike Wegvoering of Ontruiming

Vervolg van p. 6

*hemel kyk, het daar skielik twee mans in wit klere by hulle gestaan. Dié sê toe vir hulle: 'Galileërs, waarom staan julle so na die hemel en kyk? Hierdie Jesus wat van julle af na die hemel toe opgeneem is, sal net so terugkom soos julle Hom na die hemel toe sien opgaan het'"* (Hand. 1:10-11 NV).

6. Filippus: *"En toe hulle uit die water opklim, het die Gees van die Here Filippus skielik weggevoer (harpazō), en die hofdienaar het hom nie meer gesien nie, want hy het sy weg met blydskap gereis. Maar Filippus is in Asdod gevind"* (Hand. 8:39, 40(a) OV).

Hoewel Filippus se wegvoering nie tot in die hemel was nie, was dit nogtans 'n bonatuurlike, skielike verplasing van een plek na 'n ander. As al hierdie gebeure in die Bybel opgeteken is, waarom is dit dan nie moontlik dat daar 'n wegraping of wegvoering van Christus se Bruid kan plaasvind nie?

**Waar kom die gedagte van die Wegraping of Wegvoering in die Bybel voor?**

Dit word in die eerste plek gevind in 1 Tess. 4:16-17: *"Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees"* (OV).

Verder lees ons ook in die Bybel dat Jesus skielik sal verskyn soos 'n dief in die nag. Sommige sal geestelik aan die slaap wees, terwyl andere Sy koms verwag.

In 1 Tess. 5:1-5 skryf Paulus soos volg hieroor: *"Maar oor die tye en geleenthede, broeders, het julle nie nodig dat aan julle geskryf word nie; want julle weet self baie goed dat die dag van die Here kom net soos 'n dief in die nag. Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid - dan oorval 'n skielike verderf hulle soos die barensnood 'n swanger vrou, en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie. Maar julle, broeders, is nie in duisternis, dat die dag julle soos 'n dief sou oorval nie. Julle is almal kinders van die lig en kinders van die dag; ons is nie van die nag of die duisternis nie"* (OV).

Ware kinders van die Here, die Bruid van Christus, wat haar gereed maak vir Sy koms en waaksaam bly, sal nie aan die slaap gevang word nie, maar sal biddend en wagtend bly. As duidelike voorbeeld hiervan het Jesus tydens Sy profetiese rede (wat handel oor die tekens en gebeure voor Sy wederkoms en die voleinding van die wêreld - Matt. 24:3(b)) aan Sy dissipels die gelykenis van die vyf verstandige en die vyf onverstandige maagde vertel: *"Dan sal die koninkryk van die hemele wees soos tien maagde wat hulle lampe geneem en uitgegaan het om die bruidegom te ontmoet. En vyf van hulle was verstandig en vyf dwaas. En toe die wat dwaas was, hul lampe neem, het hulle geen olie met hulle saamgeneem nie. Maar die verstandiges het olie in hulle kanne saam met hul lampe geneem. En terwyl die bruidegom talm om te kom, het hulle almal vaak geword en aan die slaap geraak. En middernag was daar 'n geroep: Daar kom die bruidegom; gaan uit hom tegemoet! Toe staan al daardie maagde op en maak hulle lampe gereed. En die wat dwaas was, sê aan die verstandiges: Gee vir ons van julle olie, want ons lampe gaan uit. Maar die verstandiges antwoord en sê: Miskien sal daar nie genoeg wees vir ons en vir julle nie. Maar gaan liewer na die verkopers en koop vir julleself. En onderwyl hulle gaan om te koop, het die bruidegom gekom. En die wat gereed was, het saam met hom ingegaan na die bruilof, en die deur is gesluit. Later kom toe die ander maagde ook en sê: Meneer, meneer, maak vir ons oop! Maar hy antwoord en sê: Voorwaar ek sê vir julle, ek ken julle nie. Waak dan, omdat julle die dag en die uur nie weet waarop die Seun van die mens kom nie."*

Dit is 'n geweldige saak dat vyf maagde nie volkome gereed was om die huwelikseremonie by te woon nie en dat hulle weggewys is met die woorde: *"Voorwaar ek sê vir julle, ek ken julle nie."*

In aansluiting by hierdie gelykenis wil ons daarop wys dat wanneer ons van die "Bruid" van Christus praat, ons daarmee bedoel dáárdie gelowiges wat wedergebore is en wat in 'n lewende verhouding met God staan; hulle wat biddend en wakend uitsien na hulle Bruidegom se koms. Die lou lidmate van gemeentes vorm nie deel van hierdie groep nie, want Jesus sê in Openbaring 3:16: *"Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit My mond spuug."*

Soos in die geval met die vyf dwase of onwyse maagde, is daar ongelukkig baie dwase of onwyse lidmate wat deel van die Kerk vorm. Daarom is dit nie die Kerk wat weggevoer gaan word nie, maar die Bruid! Mag ons elkeen baie seker maak dat ons deel van die Bruid is!

Jesus het Sy Vader se huis verlaat om na die aarde toe te kom. Hy het vir Hom 'n Bruid bekom uit almal wat waarlik glo. Op die kruis het Hy met Sy eie bloed die prys betaal. Daarna het Hy eers weer na Sy Vader se huis teruggekeer om 'n plek vir Sy Bruid te gaan voorberei: *"Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My. In die huis van My Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is"* (Joh. 14:1-3 OV).

Met Jesus se hemelvaart het die Bruid se wagperiode aangebreek. Dit is nou die tyd van *kiddushin.* Die tyd van afsondering en heiliging, die tyd waarin die Bruid met verlange wag op haar Bruidegom: *"Daarom moet ons, die eerstes wat ons hoop op Christus gestel het, die grootheid van God prys. Deur Christus het julle ook deel geword van die volk van God toe julle die waarheid wat aan julle verkondig is, die evangelie van julle verlossing, gehoor en tot geloof gekom het. In Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is, julle as die eiendom van God beseël. Die Heilige Gees is die waarborg dat ons ook verder sal ontvang wat God belowe het, wanneer Hy almal wat aan Hom behoort, volkome sal verlos. Daarom moet ons Sy grootheid prys"* (Ef. 1:12-14 NV).

In die Ou Vertaling word in Efesiërs 1:14 van die Heilige Gees gepraat as die *"onderpand van ons erfdeel"*. Die Griekse woord vir *"onderpand"* is *arrabōn,* wat afgelei is van die Hebreeuse *ĕrabōn*. Dit is gebruik by die aankoop van 'n artikel, waarvoor 'n deposito betaal word, en die res betaal word wanneer die artikel afgehaal word. Tereg dien die deposito as waarborg dat die uitstaande bedrag betaal sal word.

Só is die Heilige Gees die waarborg of onderpand (geskenk) wat aan die Bruid gegee is. Dit dui daarop dat die huwelik verseker sal plaasvind tussen die hemelse Bruidegom en Sy Bruid! Die Bruid van Jesus kan haar dag na dag verlustig in die feit dat sy reeds die inwoning van die Heilige Gees het, en dat Hy haar beskerm en bewaar en voorthelp op haar lewenspad totdat daardie groot en wonderlike dag aanbreek wanneer die Bruidegom haar kom haal vir die huweliksvoltrekking!

**Is u deel van die Bruid van Jesus Christus? Het u Jesus al aangeneem as Saligmaker en Verlosser? Indien wel, leef u 'n lewe van heiligmaking in afwagting op u Bruidegom?**

**Wanneer sal die Wegraping of Wegvoering plaasvind?**

Daar word 'n baie uitdruklike waarskuwing aan die kinders van die Here gerig dat hulle waaksaam en in afwagting op die koms van die Here Jesus moet leef: *"Maar pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word deur swelgery en dronkenskap en sorge van die lewe nie, en dié dag julle nie skielik oorval nie. Want soos 'n strik sal hy kom oor almal wat op die hele aarde woon. Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan"* (Luk. 21:34 -36 OV).

Ons glo dat hierdie Skrifgedeelte daarop dui dat die wegraping of wegvoering sal plaasvind vóór die Groot Verdrukking wat sewe jaar gaan duur. Dit is wanneer die Antichris hier op aarde gaan regeer en dan is dit plae en strafgerigte - die oordele van God - wat die aarde gaan tref! (Lees Openbaring 6 tot 19). Die Griekse woord vir "ontvlug" is ekphugō wat uit twee woorde saamgestel is, nl. ek wat "uit" beteken, en phugō wat "ontvlug" beteken. Die saamgestelde begrip beteken om letterlik uit die situasie (in dié geval die Groot Verdrukking soos in Lukas 21:5-33 beskryf), te kom en sodoende daarvan te ontsnap. Dit beteken om geen deel daaraan te hê nie. Direk ná die ontvlugting (wegraping / wegvoering), sal die Bruid *"voor die Seun van die Mens ...staan,"* aangesien sy met Hom verenig sal word wanneer sy Hom in die lug ontmoet. (Vergelyk 1 Tess. 4:13 -18 NV.) Iemand mag vra waarom dit juis die Bruid is wat *"waardig geag"* word om *"al hierdie dinge wat kom,"* te ontvlug en voor Jesus te verskyn? **Die eenvoudige antwoord is dat die Groot Verdrukking die tydperk gaan wees wanneer God Sy oordele oor die sondige wêreldbewoners wat nie aan Hom behoort nie, maar die Antichris aanbid, gaan uitgiet!**

Ons moet daarop let dat die ontvlug uit *"al hierdie dinge wat kom"* deur God gereserveer is vir Sy geliefde en getroue Bruid, aangesien hulle nie Sy oordele hoef te verduur nie (dink ook aan die Israeliete in die land Gosen wat al die plae gespaar is, terwyl die Egiptenare deur die tien plae getref is), maar dat dit uitgegiet word op die goddelose mense en diegene wat Hom nie eerste stel in hulle lewens nie. Daarom is dit so belangrik dat elke mens op aarde voor God moet buig, sy/haar sonde met berou moet bely, Jesus

Vervolg op p. 8

# Die Skielike Wegvoering of Ontruiming

*Vervolg van p. 7*

aanneem as Verlosser en Saligmaker en daarna 'n lewe van heiligmaking nastreef en leef!

Johannes het geskryf: *"Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie. Want alles wat in die wêreld is - die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe - is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld. En die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, maar hy wat die wil van God doen, bly vir ewig"* (1 Joh. 2:15 -17 OV).

Daar word in die Skrif baie klem gelê op die gereedheid en waaksaamheid van die ware kinders van die Here. Jesus gee aan Sy dissipels 'n voorbeeld hiervan in Matt. 24:37- 44: *"Maar van dié dag en dié uur weet niemand nie, ook die engele van die hemele nie, maar net My Vader alleen. En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees. Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het, en dit nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees. Dan sal daar twee op die land wees; die een word aangeneem en die ander word verlaat. Twee vroue sal by die meul maal; die een word aangeneem en die ander word verlaat. Waak dan, omdat julle nie weet watter uur julle Here kom nie. Maar weet dit: as die huisheer geweet het in watter nagwaak die dief sou kom, sou hy gewaak en nie toegelaat het dat in sy huis ingebreek word nie. Daarom moet julle ook gereed wees, want die Seun van die mens kom op 'n uur dat julle dit nie verwag nie."*

Jesus gebruik uit die argiewe van Bybelse geskiedenis as voorbeelde die ware verhale van Noag en Lot wat eers uit die plek waar die verwoesting (<u>God se oordele</u>) sou plaasvind, weggeneem is: *"En soos dit gebeur het in die dae van Noag, so sal dit ook wees in die dae van die Seun van die mens: hulle het geëet en gedrink, hulle het getrou en is in die huwelik gegee tot op die dag dat Noag in die ark ingegaan het, en die sondvloed gekom en almal vernietig het. Net soos dit ook gebeur het in die dae van Lot: hulle het geëet en gedrink, gekoop en verkoop, hulle het geplant en gebou. Maar op die dag toe Lot van Sodom uitgaan, het vuur en swawel van die hemel af gereën en almal vernietig. Net so sal dit wees in die dag wanneer die Seun van die mens geopenbaar word"* (Luk. 17:26-30 OV).

Uit hierdie Skrifgedeeltes is dit opmerklik dat God eers vir Noag en sy gesin in die ark skuiling gebied het voordat Hy die goddelose mense in die Sondvloed laat omkom het. So het Hy ook eers vir Lot en sy dogters uit die gevaarsone weggeneem voordat Hy Sodom en Gomorra vernietig het. (Lot se vrou het teruggedraai en is gedood). Let daarop dat dit God se oordele is wat voltrek is oor die gebiede waar Noag en Lot gewoon het. Daarom is dit ons oorwoë mening dat die wegraping / wegvoering van die Bruid sal plaasvind vóór die Groot Verdrukking (die sewe jaar waar <u>God se oordele</u> op aarde voltrek sal word). Dit is immers ons *"salige hoop"* en *"terwyl ons die salige hoop en die verskyning van die heerlikheid verwag van die grote God en ons Verlosser, Jesus Christus…"* (Titus 2:13 OV).

## Verskille tussen die Wegraping of Wegvoering en die Wederkoms:

Om dit makliker te maak, kan 'n mens sê dat daar met Jesus se Wederkoms twee fases betrokke is. Die eerste fase, wanneer Jesus skielik en soos 'n dief verskyn en net Sy Bruid bewus is van Sy teenwoordigheid, word *parousia* genoem. Die tweede fase van die Wederkoms staan as *faneros* bekend. Dit is Sy *openbaarmaking* of *sigbaarwording.* Hy kom nie nou in die geheim net om aan Sy Bruid te verskyn nie, maar Hy word as Regter en Koning aan die hele wêreld geopenbaar.

1. Die Wegraping is dus 'n geheime wegvoering. Jesus kom soos 'n dief in die nag (1 Tess. 5:2; 2 Pet. 3:10). Hy kom net tot in die lug en dit gebeur voor die Groot Verdrukking, terwyl die Wederkoms van Jesus, wanneer Hy met Sy voete op die Olyfberg staan, 'n openbare gebeurtenis is waar *<u>elke oog</u>* Hom sal sien (Openbaring 1:7; Sagaria 14:4; Openbaring 19:11-12). Hy kom tot op die aarde ná die Groot Verdrukking (Markus 13.24-26).

2. Tydens die Wegvoering gaan die Bruid die Bruidegom tegemoet in die lug. Die wat *in Christus gesterf het, sal eerste opstaan.* Daarna sal die wat nog lewe ook met onsterflikheid beklee word en saam sal almal dan weggevoer word met Jesus (1 Tess. 4:13-18 NV; 1 Kor. 15:51; Joh. 14:1-3). Christus kom dus vir Sy Bruid. Met die Wederkoms kom Christus saam met Sy Bruid plus 'n hemelse skare en Sy engele na die aarde toe om oorlog te voer teen Antichris en die nasies wat teen God staan (Sagaria 14:4; Judas 14; Matt. 25:31).



3. Tydens die Wegvoering / Wegraping is daar nog nie God se finale oordeel vir die aarde nie, want dit gebeur voor die dag van Toorn (die Groot Verdrukking). Met die Wederkoms word die aarde geoordeel en regverdigheid seëvier. Dit sluit die dag van Toorn af.

4. Die Wegvoering raak net die Bruid terwyl die Wederkoms die hele mensdom raak.

5. Tydens die Wegvoering sal Satan nog nie toegesluit wees nie, maar na Jesus se Wederkoms word Satan gevange geneem en toegesluit (Openbaring 20:2-3).

6. Net na die Wegvoering sal die Groot Verdrukking begin, maar Jesus se Wederkoms sal wees aan die einde van die Groot Verdrukking, en dan sal Hy kom om oorlog te maak (die Slag van Armageddon teen Antichris en sy volgelinge).

Neem 'n mens dus die verskille in ag met betrekking tot die Wegvoering / Wegraping en die Wederkoms, is dit duidelik dat die Bruid moet uitsien na die Wegvoering (die eerste fase) sodat Sy saam met haar Bruidegom opgeneem sal word in die hemel en Sy heerlikheid en liefde sal beleef.

Die Bruid sal dus nie wil wag vir die Wederkoms van Jesus wanneer Hy met Sy voete op die Olyberg sal staan nie, want dit beteken om vir sewe jaar saam met die goddelose mense op aarde te wees en God se oordele te beleef! Sal enige regdenkende aardse bruidegom sy bruid mishandel voor hul troue? Hoekom sal Jesus dan Sy Bruid onderwerp aan al die verskrikkinge van die Groot Verdrukking (wat God se oordele en strafgerigte oor die goddelose mense is)? Nee, met die tweede fase kom Hy met Sy Bruid, 'n hemelse skare en engele om teen die Antichris te veg en die goddelose mense te vernietig!

Die keuse by watter fase 'n mens wil inpas, berus by elke individu, en die mate waarin ons uitsien na Christus se Koms is in werklikheid die maatstaf van elkeen se geestelike toestand. Die Bruid sien uit na Jesus se Koms en wag gretig op die Bruidegom! Dit is húlle "wat die wolke dophou" vir Sy verskyning: *"Die Gees en die bruid sê: 'Kom!' En elkeen wat dit hoor, moet sê: 'Kom!' En elkeen wat dors het, moet kom; elkeen wat die water van die lewe wil hê, moet dit kom kry, verniet! Hy wat dit alles getuig, sê: 'Ja, Ek kom gou!' Amen! Kom, Here Jesus!"* (Openbaring 22:17, 20 NV).

[5 voor Middernag? J. en H. Venter, Rainbow Publishers, 2011].

# A CUP OF TREMBLING

The world at this present time is facing extraordinary danger. The conflict now underway between the State of Israel and the Hamas-controlled Gaza Strip could very quickly spiral out of control and potentially draw other countries from all over the world into the fray.

The horrific events that have transpired in Israel and Gaza have already resulted in thousands of lives being lost and could easily result in thousands more being lost in the weeks and months to come. While everyone analyzes and assesses the situation and a wide array of opinions are promulgated by world leaders, politicians, news outlets, and citizens of countries around the world, we should never lose sight of the fact that people are dying, needlessly so, and that is a tragedy. There is no justification for the unprovoked slaughter of infants, children, and everyday people who are just trying to live their lives.

For the entirety of my life, the State of Israel and the Palestinians have been at odds with one another. Many men and women have sought to find a peaceful solution to the dispute and have been unable to do so even as the decades come and go.

Zechariah 12:2-3 accurately describes Jerusalem as a *"cup of trembling."* These verses read, *"Behold, I will make Jerusalem a cup of trembling unto all the people round about, when they shall be in the siege both against Judah and against Jerusalem. And in that day will I make Jerusalem a burdensome stone for all people: all that burden themselves with it shall be cut in pieces, though all the people of the earth be gathered together against it."*

The imagery of a trembling cup suggests an unstable condition in which the contents could spill out at any moment. Sadly, the threat of violence and conflict spilling out in Israel never seems to go away.

When Hamas operatives from the Gaza Strip launched an attack in recent weeks against the State of Israel, it marked the start of yet another conflict. While there have been many conflicts in the past, it feels different this time. The brutality is more severe and the hatred runs deeper than ever.

According to reports, Hamas operatives slaughtered 1 400 Israeli citizens on 7 October 2023 and took more than two hundred hostages. In retaliation, Israeli forces have launched a furious attack against Gaza, which has resulted in the death of 8 306 Palestinians, including 3 457 children as of 30 October 2023. Another 1 800 people are missing.

Regarding the desperate situation in Gaza, Rick Brennan of the *World Health Organization* was quoted as saying, "It's a disaster on top of a disaster. Health needs are soaring and our ability to meet those needs is rapidly declining."

Israeli officials, which have now launched a ground attack against Hamas after several days of aerial bombardments, have said that this is just the beginning of the war and they expect it to go on for quite some time. "This is our second War of Independence. We are only at the beginning," said Israeli Prime Minister Benjamin Netanyahu. Israeli Defense Minister Yoav Gallant further warned, "This will not be a short war."

The longer the war continues the greater the chances are that other countries will become entangled in the fight. Iran has already hinted it might get involved, though it is not certain if they intend to engage Israeli forces directly or by proxy militant groups. On 29 October 2023, Iranian President Ebrahim Raisi wrote on the social networking website formerly known as *Twitter* that Israel "had crossed the red lines, which may force everyone to take action." In similar fashion, Ali Fadavi, who is the deputy commander of Iran's Islamic Revolutionary Guards, issued a warning stating, "Another shockwave is on the way if Israel does not end atrocities in Gaza." Fadavi later told students at the University of Tehran, "Some of you young people consider practical action to be a direct missile to Haifa," he said, referencing the city in northern Israel. "Of course, if it is necessary, this will be done, and it will be done without hesitation."

Meanwhile, Turkish President Recep Tayyip Erdogan delivered a fiery speech on 28 October 2023 and issued a veiled threat against the State of Israel. "From now on, we will continue on our path with the motto that we may suddenly knock on your door one night," Erdogan said. The enthusiastic crowd was heard to chant, "Turkish military to Gaza!" On 17 October 2023, the *New York Times* reported that US Defense Secretary Lloyd Austin had ordered two thousand US troops to prepare for deployment to the Middle East. Ultimately, nine hundred of those troops were deployed in response to increasing attacks against US military forces in Iraq and Syria.

The US has also sent two aircraft carriers and fighter jets to the region in recent days. Since 17 October 2023, American forces have been attacked by armed drones twenty-three times. Department of Defense spokesman Brigadier General Patrick Ryder said Iran would be held responsible for these attacks. "By virtue of the fact that they are supported by Iran, we will ultimately hold Iran responsible," he said. He later went on to say, "We are concerned about escalation. We are all watching increased tensions in the region and again we want to deter this from becoming a bigger conflict."

American President Joe Biden has pledged his unwavering support for the State of Israel. "Israel has the right to defend itself and its people. Full stop. There's never a justification for terrorist attacks. And my administration's support for Israel's security is rock solid and unwavering," the President said. Biden's support for Israel, however, has put him at odds with members of his own political party. A study conducted by Gallup in March 2023 found that 49% of Democrats polled said they sympathize with the Palestinians versus 38% who said they support Israel. Additionally, protests and demonstrations in support of the Palestinians have occurred in numerous places across the United States in recent days. For example, seven thousand protestors flooded the streets of New York City on 28 October 2023, in support of the Palestinians, with many of them also expressing support for Hamas. The Israeli-Hamas conflict has laid bare the acrimonious division not only in the US, but throughout the entire world. Could we see a global war? God only knows. I pray we do not.

One thing is certain, our world at this pivotal moment in history is filled with a lot of outrage. The world is fraying at the seams, anger is boiling over, and the world has become a very dangerous place. When Jesus Christ said there would be wars and rumours of wars in the days leading up to His return, He knew exactly what He was talking about!

- Samuel David Meyer
Last Trumpet Newsletter, http://www.lasttrumpetministries.org

# Ligte

'n Lewe sonder ligte? Onmoontlik! Stel u voor dat u vanaand in u huis geen lig het, geen lamp en geen kers nie. Stel u voor dat daar op die hoek van Adderley- en Strandstraat geen verkeerslig is nie; dat OR Tambo Lughawe snags geen ligte op sy aanloopbane het nie; dat daar nêrens langs ons seekus vuurtorings staan nie; dat u vannag sonder motorligte moet ry en dat die medikus sonder ligte moet opereer.

'n Lewe sonder ligte is 'n gevaarlike lewe, 'n koerslose lewe, 'n lewe van botsings en chaos. In ons moderne lewe is ligte gevaartekens, maar ook veiligheidstekens; daarom is 'n lewe sonder ligte 'n lewe waarin niemand sy bestemming ooit sal bereik nie. Maar ons bestemming is nie net 'n plek nie, dit is ook 'n wyse van lewe, ons manier van werk, ons houding teenoor ons naaste, ons verhouding tot God.

En om dié rede, sê Petrus, is die Woord van God die lamp wat in 'n donker plek skyn. Die wêreld om my, soos ook die wêreld in my, is 'n donker wêreld: verward, verwilderd, onstuimig. Die Bybel sê dis 'n sondige wêreld.

Maar juis in hierdie wêreld is die Woord van God die lig wat skyn, sodat ek my bestemming mag bereik. Dáárheen moet ek altyd maar weer teruggaan om koers en rigting te kry. Dáár vind ek die lig vir my lewe op Sondag maar ook vir my lewe op Maandag, vir my godsdiens en vir my arbeid, vir my spel en my politiek. Dié lig verlig my slaapkamer en my sitkamer.

Wie wandel in die lig van Gods Woord word nie waarsêers nie, hulle kan die toekoms nie voorspel nie en het geen verborge insig in die geheime van dinge nie - hulle is maar net mense wat weet dat die duisternis hulle nooit sal oorweldig nie, en dat hulle nooit radeloos langs die pad sal hoef te gaan sit en sê: "Ons kan nie verder nie." Hulle sal altyd kan voortgaan - op weg na hul bestemming.

*- Wie Fyner Maal, Dr. JA Heyns, Nasionale Boekhandel, 1969.*

# God's Postal Address?

Jesus, in the opening words of the Lord's Prayer, taught us to focus first on God, before presenting to Him our requests and petitions.

Why did Jesus bid us pray, "Our Father in heaven"? What is so important about the fact that God lives in heaven?

Someone has suggested that heaven is "God's postal address" and, therefore, the place to which all prayers and petitions ought to be directed.

I believe, however, that Jesus, in using the words "in heaven," sought to focus our minds not so much on God's location, but rather His elevation.

We are so used to living, as we say, "in a man's world," surrounded by limitations, that we are apt to forget that God exists in a realm where there are no shortages or restraints.

Here on Earth, we stagger from one crisis to another, face endless problems - such as economic recessions, strikes, political unrest - but in heaven, where God lives, such situations are non-existent. There are no shortages in the factories of His grace, no disputes on His assembly lines and no faults in His communication system. Ring "Heaven" at any hour of the day or night, and you will be put into direct contact with the King of kings!

Can you now see what Jesus means when He bids us focus on God Who is in heaven? He is telling us to elevate our spiritual vision until it breaks free of Earth's gravitational pull and to remind ourselves constantly of the fact that, in our Father's Presence, our greatest problems turn into possibilities!

Prayer:
Dear Father, this phrase "in heaven" is like a rocket that launches me beyond Earth's limitations into a realm where everything is blessedness and light. Help me never lose sight of this fact today and every day. Amen.

*[Every Day with Jesus Bible, with Devotions by Selwyn Hughes, Holman Bible Publishers, 2004].*



**Here, help my om vandag al my selfsug en eie wil weg te was sodat ek U die res van my lewe met nederigheid kan dien. Here, stryk vandag al die plooie wat ek deur die jare versamel het, uit my gees sodat ek net die mooi in ander sal sien. O God, help my dat ek sal regmaak waar ek ander te na gekom het.**
**Here Jesus, help my om met die stoflap van U genade die klein sondetjies wat in my hart skuil, weg te vee en skoon te maak. O God, gee my asseblief die wysheid om die dinge te koop wat nodig is en nie wat ek begeer nie omdat ek weet Here, geen aardse skatte weeg op teen dit wat in die hemel wag nie. Help my Vader om die vrug van die Gees - liefde, vriendelikheid, vreugde, vrede, geduld, goedheid, sagmoedigheid, getrouheid en selfbeheersing aan my naaste voor te sit.**
**O God, ek het my huis vir u voorberei. Kom woon asseblief in my hart sodat ek die res van my lewe in U Teenwoordigheid kan deurbring. Amen.**

## DIE LEWE

*Ons lewe is te vinnig, en omdat ons te vinnig lewe,*
*lewe ons nie diep nie, maar net bolangs.*
*Ek het nie tyd om stil te staan nie, maar moet altyd hardloop.*
*Ek kan nie luister nie, maar praat aaneen.*
*Ek kan nie geniet nie, want ek moet insamel.*
*Ek kan nie ontspan nie, want ek moet werk.*
*Ek kan my nie in klein dingetjies verlustig nie,*
*want ek het my oog net op die groot dinge.*
*Ek kan nie lewe nie, maar bestaan net.*
*Ek word van vroeg tot laat voortgedryf.*
*Ek jaag na my bestemming en as ek daar gekom het, soek ek 'n ander...*
*En dit alles omdat ek nie na die diepte kan afdaal nie, maar bolangs lewe.*



Jer. 20:11
★★★ B&B
Uit die Hand van die HEER
KLERKSDORP
BETER PRYSE VIR HOSPITAALBESOEKERS
Skakel "Alte-Welkom"
082 492 2299
018 468 1921
altewelkom@telkomsa.net
www.altewelkom.com

Oase van Hoop
AGS Baillie Park Gemeente
Sondagoggenddiens 9:30
JOI-Kinderdienste 9:30
E-pos: johann@safricom.co.za
Pastoor Johan Nortje 083 280 8971

OASE VAN HOOP
-KOFFIE KAFEE-
HEB. 6:19
est. 2023